



Drostyd is 'n Belewens

Ons staan vir:

Respek, Liefde, Verantwoordelikheid & Trots

28 September 2018

Geagte Ouers

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Tydens die afgelope Toutrek Wêreldkampioenskap wat in Kaapstad plaasgevind het, het die 480 kg A-span (dogters) en die 520 kg gemengde span albei silwer medaljes verwerf in die geslote afdeling. In die ope afdeling het die 480 kg A-span (dogters) 'n silwer medalje verwerf en die 520 kg gemengde span het 'n brons medalje verwerf. Die 560 kg-span (seuns) het 'n vierde plek behaal in die ope afdeling, sowel as die geslote afdeling. Aan al die toutrekafrigters, leerders en ouers wil ek baie dankie sê vir al die moeite en harde werk.

Baie geluk aan mnr Renier de Villiers wat aangewys is as die agterspelerafrigter van die Cravenweekspan en mnr Rudolph le Roux wat aangewys is as die hoofafrigter van die Grant Khomo-span.

Aan die einde van die kwartaal wil ek elkeen by HTS Drostyd bedank vir dit wat u alles doen en beteken vir die skool - die ouers wat die skool ondersteun in wat ons doen, die personeel vir ure se werk wat ingesit word om Drostyd nog 'n beter skool te maak en die leerders wat die skool se naam hoog hou, maak nie saak met watter aktiwiteit of betrokkenheid nie. Drostyd is en bly 'n belewens!

As u op vakansie gaan gedurende die week, wens ons u 'n veilige reis toe.

UIT DIE FINANSIËLE KANTOOR

Betaling van Skoolgeld & Koshuisgeld

Dankie aan al die ouers wat gereeld hul verpligting jeens die skoolgeld en koshuisgeld nakom. Dit stel die skool in staat om steeds gehalte onderrig en gerieflike koshuisinwoning aan ons leerders te bied. Sonder ouers se volle ondersteuning sal die skool nie in staat wees om bykomende personeel in diens te neem en noodsaaklike onderhoud en instandhouding te doen nie.

Agterstallige Skoolgeld & Koshuisgeld

Heffings ten opsigte van skoolgeld en koshuisgeld word op die eerste dag van elke maand gevoer, aangesien skoolgeld en koshuisgeld, volgens die Onderwyswet, vooruitbetaalbaar is. Daar word egter aan ouers die vergunning gegee om maandeliks of kwartaalliks te betaal. Ons herinner ouers vriendelik op 'n gereelde basis, hetsy per telefoon, per e-pos of per sms aan die gelde wat betaalbaar is. Geen debietorder of reëling is vir die skool 'n waarborg nie en daarom neem ons die vrymoedigheid om ons ouers ten opsigte van die geld wat betaalbaar is op hoogte te hou.

Ouers wat skriftelike reëlings getref het, moet asseblief stiptelik daarby hou.

1. Vorderingsverslae

Die matriekleerders het aan die einde van hierdie belangrike derde kwartaal 'n volwaardige eksamen afgelê, soortgelyk aan die finale Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen. Die punte wat op hulle vorderingsverslag verskyn, behoort 'n goeie aanduiding te gee tot watter mate hulle vir die finale eksamen gereed is. Aangesien dit 'n rekordeksamen was, word die punte aan die Departement gestuur vir kontroledoeleindes.

Leerders in graad 8 tot graad 11 het 'n mini-eksamen geskryf en die punte wat op die vorderingsverslag verskyn, is 'n verwerkte punt, aangesien punte vir deurlopende assessering verwerf vir take, opdragte, klaswerk en kleiner toetse ook in berekening gebring moet word. Leerders sal hulle vorderingsverslae per hand met skoolsluiting op Vrydag 28 September 2018 ontvang. Matriekleerders moet ook hulle rapporte by die skool kom afhaal. **GEEN RAPPORTE SAL GEPOS WORD NIE.**

Baie geluk aan al die leerders wat hul persoonlike mikpunte behaal het. Ons weet sukses kom net deur volgehoue harde werk. In

besonder baie geluk aan die vyf beste presteerders in elke graad.

Graad 8

Jamie-Lee Jacobs (88,1%)
Emma Burger (89,1%)
Suné Meyer (90,2%)
Carla Mostert (90,3%)
Carla Botha (92,2%)

Graad 9

Alex Avenant (89,1%)
Zane Bothman (89,3%)
Mia Victor (89,7%)
Bea Wolfaardt (90,7%)
Cameron Mostert (92,2%)

Graad 10

Mariné Brink (92,1%)
Stefmari Burden (93,3%)
Shani Smith (93,6%)
Danique Jacobs (93,6%)
Aliza Rossouw (94,3%)
Mia Ramsauer (97%)

Graad 11

Anje Ungerer (87,9%)
Antoinette Steyn (87,9%)
Wynand van Staden (89,1%)
Conrad Kloppers (91%)
Talitha Pretorius (91,4%)
Suné Conradie (96,7%)

Graad 12

Janika le Roux (86,7%)
Ané Brink (86,7%)
Yvette van der Walt (88,9%)
Lisa van Deventer (89,6%)
Laura-Lynne Brandt (90,1%)
Corli Ramsauer (93,6%)

2. Prysuitdeling (2018)

Die volgende geleentheid vind plaas in die vierde kwartaal:

Dinsdag 9 Oktober 2018: Inhuldiging van Leiers 2018 (07:30 in Skoolsaal)

Dit sluit die VRL, Huiskomitees en Bestuurskomitee in.

By hierdie geleentheid onderteken die ouers en die leerders die leiersbelofte, daarom versoek ons dat die betrokke ouers asseblief teenwoordig sal wees.

Donderdag 11 Oktober 2018: Prestige Prysuitdeling (Aandfunksie)

Hierdie sal hoofsaaklik graad 12-leerders (Akademie & Kultuur) wees.
Alle trofeës en spesiale toekennings vir alle grade word hier ingesluit.

Woensdag 17 Oktober 2018: Kultuur Prysuitdeling (07:30 in Skoolsaal)

Alle grade, behalwe matrieks, asook enkele sporttoekennings ingesluit, soos nodig.
Ouers is welkom om die geleentheid by te woon en te deel in u kind se prestasies.

3. Laaste Skooldag vir Matriekleerders

Die laaste amptelike skooldag vir matriekleerders is volgens die Onderwysdepartement op Vrydag 12 Oktober 2018. Die matrieks mag daarna gaan blok vir die finale eksamen wat in alle erns op Maandag 15 Oktober 2018 begin en duur tot Woensdag 28 November 2018.

4. Ouervergadering vir Goedkeuring van Skoolbegroting vir 2018

Ouers word genooi om dié vergadering, wat op Maandag 15 Oktober 2018 om 18:00 in die skoolsaal plaasvind, by te woon.

Die voorgestelde begroting sal dan aan ouers voorgelê word vir bespreking en finale goedkeuring.

5. 3D-Tekenkursus (Die industrie kom Drostdy toe!)

Dit is met groot trots wat ons aankondig dat HTS Drostdy, in samewerking met Rymax, 'n 3D-tekenkursus aan ons leerders gaan aanbied. Solidworks is 'n gevorderde meganiese ontwerpprogram wat enige onderdeel of saamgestelde stelsel in minute kan ontwerp. Daarna word dit uitgevoer na CNC-masjinerie of 'n 3D-drukker om die produk te skep. Die program word wêreldwyd deur groot ondernemings in die vervaardigingsbedryf gebruik.

Ons beoog om met 'n beperkte aantal leerders te begin en dit dan later uit te brei na die Sandput. Na afloop van die kursus het leerders onbeperkte toegang tot die fasiliteit en hulle ontvang ook 'n sertifikaat vir toekomstige verwysing.

Hierdie is die geleentheid van 'n leeftyd vir elke voornemende ambagsman, ingenieur of ontwerper. Vir enige verdere inligting of navrae kan leerders met mnr Andrew Coetzee gaan gesels.

Video's en demonstrasies is beskikbaar by <https://www.solidworks.com>.

Ons hoop om jou daar te sien!

Geniet die vakansie met die kinders by die huis!

Vriendelike Drostdygroete

HOOF & PERSONEEL

